# 'N POPPERIAANSE PERSPEKTIEF OP DIE OOP SAMELEWINGSPRAKTYK VAN DIE ANC-REGERING IN DIE "NUWE SUID-AFRIKA"[1]

**Albert Venter***

***Summary***

*In this article Popper's science philosphy and its bearing on his views on open and closed societies are briefly discussed. This is followed by gauging the post-1994 political dispensation in South Africa against Popper's criteria concerning the openness and closeness of societies. Finally the author reflects on the question whether the practice of governance in South Africa leads - or has led - to a new closeness in society.*

## 1. INLEIDING

Karl Popper is sonder twyfel een van die bekendste filosowe van die twintigste eeu. Hy verwerf bekendheid as wetenskapsfilosoof, veral oor die aard en rol van die hipoteties-deduktiewe metode. Hy is ewe bekend as intellektuele kampvegter vir die *open society* (oop samelewing) en die bedreigings waaraan dit blootgestel word. Hy word allerweë beskou as een van die oorspronklikste, sensitiefste, elegantste en grondigste apologete van liberalisme in die twintigste eeu.[2] Popper se metodologie van kritiese rasionalisme is die verbindingsaar tussen sy opvattings oor die wetenskapsleer en die normatiewe politieke en sosiale teorie. Popper plaas 'n hoë premie op die belangrikheid van normatiewe politieke teorie en hy beskou sy uiteensetting van die veronderstellings van die oop samelewing *as 'n bevestiging van die epistemologie van kritiese rasionalisme* (eie klem, ajv).

In hierdie artikel word 'n bondige opsomming van Popper se wetenskapsfilosofie en die verband daarvan met sy opvattings oor die oop en geslote samelewings aangebied. Daarna word die post-1994 politieke bestel in Suid-Afrika gemeet aan die

* Departement Politiek en Regeerkunde, Universiteit van Johannesburg. E-pos: ajv@rau.ac.za.

1 Die eerste gedeelte van hierdie teks is gebaseer op 'n artikel wat die outeur saam met sy kollega, Murray Faure, geskryf het en dit het verskyn in JJ Snyman en PGW du Plessis, **Wetenskapsbeelde in die Geesteswetenskappe**, 1987.

2 Cf. Quinton 1976:149.

kriteria van Popper se siening van openheid en geslotenheid van samelewings.[3] Daar word veral besin daaroor of die praktyk van regering in Suid-Afrika tot 'n nuwe geslotenheid in die samelewing lei - of gelei het.

## 2. POPPER SE WETENSKAPSFILOSOFIE

Popper beskryf sy wetenskapsfilosofie as kritiese rasionalisme waarin wetenskaplike kennis wat deur ervaring verkry is deur streng falsifikasie getoets word, om sodoende foute te ontdek en uit te skakel. Volgens Popper kan die wetenskaplike ondersoeker op geen gesaghebbende kennisbronne, hetsy die rede of die ervaring, staat maak nie. Elke kennisbron is oop vir kritiese ondersoek en toetse. Die oorsprong en bron van kennis verleen geen spesiale status daaraan nie (Popper 1972:27). Die wetenskaplike wat 'n keuse vir kritiese rasionalisme maak, doen dit op irrasionele gronde, maar moet sy keuse voortdurend krities ondersoek en toets. Die keuse van kritiese rasionalisme is 'n geloofsdaad ten gunste van vrye ondersoek, verdraagsaamheid en Sokratiese beskeidenheid, waardeur die onkunde van die ondersoeker voortdurend erken word (Popper 1963:228,229).

## 3. DEMARKASIEKRITERIUM: WETENSKAP EN NIE-WETENSKAP

Popper stel 'n nuwe afbakeningskriterium tussen wetenskap en metafisika voor, naamlik die falsifieerbaarheid en weerlegbaarheid (*falsifiability and refutability*) van wetenskaplike stellings. Volgens hierdie opvatting word wetenskaplike kennis nie toenemend betroubaar as gevolg van talryke waarnemings wat 'n stelling induktief bevestig nie. Dit is 'n "justificationist view of knowledge" en onaanvaarbaar (Popper 1959:41). Popper se kriterium om te onderskei tussen wetenskap en nie-wetenskap (insluitende filosofie en metafisika) berus op die fundamentele uitgangspunt dat 'n stelling slegs as empiries of wetenskaplik beskou kan word indien dit in beginsel deur ervaring toetsbaar is (1959:41). Wetenskaplikheid berus vir Popper op die empiriese weerlegbaarheid, toetsbaarheid en falsifieerbaarheid van stellings, hipoteses en teorieë. Falsifiëring onderskei tussen empiriese wetenskap en metafisika, dit verklaar nie metafisika tot betekenisloosheid nie (Popper 1972:39-41). *Empiries* verwys nie bloot na die onmiddellik sintuiglik-waarneembare en toetsbare nie. Alle sintuiglike waarneming word deur teoretisering voorafgegaan en geen voorwerp word bloot *waargeneem* nie. Empiriese wetenskap bestaan vir Popper daaruit dat 'n wetenskaplike al sy *kennis* as voorlopige vermoedens (*conjectures*) sal beskou wat aan streng empiriese toetse onderwerp moet word. Eers nadat 'n stelling die strengste moontlike toetse weerstaan het, kan dit tot die kader van wetenskaplike kennis toegelaat word. Toelating is altyd voorlopig en

---

3 In wese is die doel van die artikel dus om 'n Popper-perspektief op die grondwet en die bedryf daarvan deur die ANC-regering aan te bied.

voorwaardelik - sodra nuwe toetse gevind word om die verworwe kennis te weerlê, word die ou *kennis* uitgeskakel en met nuwe, voorlopige kennis vervang. Sulke getoetste kennis word as hoogs gestaaf beskou en is die hipoteties-deduktiewe metode van wetenskapsbeoefening. Stawing (*corroboration*) het slegs betrekking op historiese prestasie en is geen waarborg vir die toekomstige geldigheid van 'n teorie nie. Dit kan te eniger tyd deur nuwe toetse weerlê word.

Die aanwas, groei of vermeerdering van kennis, is vir Popper kenmerkend van die evolusionêre ontwikkeling van die primitiewe na die moderne mens. Kennis groei deur die uitskakeling van teenstrydighede en foute, deur sistematiese en rasionele kritiek. Deur die eliminering van vals teorieë *sterf* teorieë in die plek van die mense wat hulle geformuleer het. Die dogmatiese gelowige wat ongeag alle teenstand irrasioneel aan sy mees geliefde teorieë bly vaskleef, kan saam met sy teorieë omkom. Anders as 'n dogmatikus, laat 'n kritiese rasionalis teorieë in sy plek sneuwel (Popper 1979:121,122). Wetenskaplike kennis wat deur vermoedens en weerleggings tot stand kom, is egter geen waarborg teen uiteindelike mislukking nie. Alle wetenskaplike kennis, selfs die bes bekragtigde teorieë met die hoogste waarheidagtigheid, is feilbaar (*fallible*). Seker en vasstaande waarhede, teorieë of hipoteses, bestaan nie in Popper se wetenskapsfilosofie nie - alles is in beginsel onderhewig aan falsifikasie.

## 4. DIE SOSIALE WETENSKAPPE

Die bovermelde metodologiese beginsels, is vir Popper grondliggend aan beide die natuur- en sosiale wetenskappe. Daar is in Popper se siening geen onderskeid tussen verklaring, voorspelling en toetsing in die natuur- en sosiale wetenskappe nie. Afhangende van besondere omstandighede is dit nie die logiese struktuur van die wetenskap wat met 'n verwisseling in studieterreine varieer nie; dit is eerder beklemtonings wat varieer en wat op hulle beurt afhanklik is van wat ons as 'n problem ag of nie ag nie.

Die studie-objekte van die sosiale wetenskappe is vir Popper individue. Sosiale gehele soos volkere, klasse, samelewings, beskawings en tradisies is nie empiriese objekte nie. Hulle is bo-individuele, kollektiewe sosiale entiteite. Indien dit as konkrete verskynsels aangesien word, verkrag dit die individualistiese aard van die sosiale wetenskappe wat die vryheid en rasionaliteit van hulle studie-objekte (individue) moet eerbiedig. Die geloof in die skynbare empiriese bestaan van sulke gehele kom vir Popper op naïewe kollektivisme neer en moet vervang word met 'n ontleding van individue, hulle houdings, verwagtings, optredes en interaksies met ander individue. In die plek van metodologiese holisme wil Popper dus metodologiese individualisme as vertrekpunt daarstel (1961:136; 1973:330).

## 5. OBJEKTIWITEIT

Die objektiwiteit van die sosiale wetenskappe is volgens Popper geleë in die aanvaarding van sy metode van kritiese rasionalisme (1977:17-9). Objektiewe wetenskapsbeoefening hang nie af van die objektiwiteit van die ondersoeker nie. Natuurwetenskaplikes is nie meer objektief as sosiale wetenskaplikes nie. Wetenskaplike objektiwiteit is enkel en alleen geleë in die tradisie van kritiese rasionalisme, wat ondanks alle weerstand, die heersende wetenskaplike dogmas (sosiaal- of natuurwetenskaplik) so dikwels en so goed moontlik kritiseer. Objektiwiteit is nie geleë in die houding van die individuele ondersoeker nie, dit is 'n sosiale aangeleentheid wat hom voltrek in wedersydse kritiek, lojaal-kritiese werksverdeling, rasionele ondersoek en mededingende teoriekonstruksie en -toetsing. Sodanige wetenskaplike objektiwiteit kan alleen floreer en voltrek word binne sosiale en politieke omstandighede wat ruimte laat vir kritiek teen heersende dogmas (Popper 1977:20-2).

Buitewetenskaplike waardeoordele, partydigheid en subjektiwiteit is deel van die ondersoeker se menswees en die wegneem daarvan sal hom van sy menslikheid ontneem. Objektiwiteit in die sosiale wetenskappe is vir Popper geleë in die navolg van sy program vir wetenskapsbeoefening, van vermoedens en weerleggings, die deduktiewe toetsing van teorieë en uiteindelik, die opteken van kennis wat dan deel word van 'n outonome wêreld van kennis. Hierdie metode geld vir beide die sosiale- en natuurwetenskappe (1977:20,23).

## 6. KRITIESE RASIONALISME EN OOP SAMELEWINGS

Kritiese rasionalisme is vir Popper 'n normatiewe riglyn waarmee die hele sosiale en politieke werklikheid verstaan en beoordeel moet word. Enersyds is kritiese rasionalisme dus 'n preskriptiewe norm vir menslike handelinge terwyl dit andersyds evaluerend aangewend kan word om die geskiedenis en politieke samelewings mee te beoordeel. Kritiese rasionalisme is vir Popper nou verwant aan sy opvattings oor 'n *oop samelewing* of goeie samelewing. Popper se begrip van die oop samelewing kan soos volg saamgevat word:

a. Die oop samelewing word deur die aanwending van die kenteorie van kritiese rasionalisme bestuur en regeer. Die oop samelewing kan nie op een of ander onkritiseerbare oerbron van kennis gebaseer wees nie.
b. Die oop samelewing word gekenmerk deur die afwesigheid van groot idees of groot beginsels; geen bloudruk of einddoelwit kan in oop samelewings oorweeg word nie.

c. Beperkte, prakties-haalbare doelwitte is die beste wat in 'n oop samelewing nagestreef kan word: sosiale beleid word deur die tegniek van stuksgewyse verandering en aanpassing gevoer: die beginsel van stuksgewyse sosiogeniëring.
d. Hierdie beperkte doelwitte word deur kritiese, falsifiërende toetse geëvalueer. Idees word voorlopig aanvaar totdat iets anders, wat deur ervaring getoets is, in die plek daarvan gestel kan word.
e. Die oop samelewing kan dus geen utopia, geen onhaalbare doelwitte nastreef nie. In die oop samelewing word idees eerder as mense vernietig, of "doodgemaak".
f. Die oop samelewing is anti-revolusionêr, aangesien die revolusie altyd deur een of ander groot idee of gedagte gekenmerk word, en mense word gedood ter wille van "die groot idee".
g. Institusioneel is die oop samelewing 'n georganiseerde demokrasie waarin menseregte, vryheid, gelykheid en die oppergesag van die reg geld.
h. In die demokrasie beskou Popper nie die vraag "wie moet regeer ?" as die belangrikste nie, maar hoe die staat ingerig moet word sodat slegte regeerders uit die weg geruim kan word sonder dat daar bloedvergieting en geweld is.
i. Popper wys op die dilemma van alle demokratiese teorieë wat veronderstel dat "die mense regeer": dit is moontlik dat die mense in die meerderheidsvorm, 'n diktatuur sal verkies of die regte van minderhede sal vertrap. (Opgesom uit Popper 1963, dele 1 en 2.)

In teenstelling met die utilistiese slagspreuk van die *grootste geluk vir die grootste aantal*, bepleit Popper eerder 'n *vermindering van lyding* in die oop samelewing. Aangesien dit onmoontlik is om mense se geluk te bepaal, moet ons volgens Popper eerder lyding uitskakel of versag. Laasgenoemde is wel moontlik, want deur praktiese ervaring leer ons hoe om politieke ongerymdhede uit te skakel, maar nie om die essensie van geluk te bepaal nie (1963: 1:284,285).

## 7. GESLOTE SAMELEWINGS

Die teenpool van die oop samelewing, die *closed societies*, (geslote samelewings), maak in verskeie tydperke van die geskiedenis hul verskyning. 'n Kenmerk van elk van dié samelewings is dat slegs 'n absolute oogmerk vir die onderdane voorgehou word. Onverbiddelike ondersteuning vir die regerende groep word vereis vanweë hul veronderstelde vermoëns om die samelewing se spesiale roeping te vervul. Popper leer egter dat die mens en die wetenskap se vermoë om oor 'n bepaalde aangeleentheid eens en vir altyd korrek te wees, onwaarskynlik is. Dit volg dat geslote samelewings nie regverdigbaar is nie. Desnieteenstaande sal sommige mense egter altyd glo dat hul sosiale en politieke idees absolute waarhede bevat. Die menslike intellek kan inherent nie sodanige idees as waar bewys nie. Plato, Hegel

en Marx se geskrifte verteenwoordig vir Popper die toonbeeld van apologete van die geslote samelewing (1963 I:103,238,315).

Die totalitarisme van die fascisme en die kommunisme van 1920-1948 is voorbeelde wat met die skryf van die *Open Society* vir Popper ter sake is. Geslote samelewings het hul eie rasionaal en is volgens Popper in die filosofie van die historisisme veranker. Historisistiese opvattings verskil onderling van mekaar, maar het die gemeenskaplike kenmerk dat daar veronderstel word dat daar spesifieke historiese wette of wetmatighede is wat deur die mens ontdek en geken kan word. So sal 'n teïstiese variasie van die historisisme, historiese ontwikkeling aan die Wil van God toeskryf. Eweneens sou 'n naturalistiese historisisme byvoorbeeld ontwikkeling as 'n wet van die natuur behandel, terwyl 'n rassistiese variasie bloed, ofte wel die biologiese meerderwaardigheid van 'n gekose ras, as die verklaringskategorie van die verlede, hede en toekoms gebruik. Kennis van hierdie historiese patrone stel die historisis dan in staat om toekomsvoorspelling te maak en rus mense toe om praktiese aanbevelings oor die politiek te maak, aangesien hulle, ingevolge die bestemmingswette, weet watter programme suksesvol sal wees (1963,I:7-10). Popper verwys na die implementering van sodanige programme as 'n utopiese vorm van sosiogeniëring (*utopian social engineering)* in teenstelling met die stuksgewyse-variasie, *piecemeal social engineering*, as kenmerk van oop samelewings.

Die historisis argumenteer dat sosiale en politieke ontwikkeling op onveranderlike en derhalwe onvermydelike bestemmingswette berus. Die *utopiese sosiale ingenieur* beoog op grond van die historisisme 'n totale sosiale en politieke rekonstruksie van die samelewing. Volgens Popper is Marxistiese rewolusionêres 'n voorbeeld van die utopiese ingenieurs wat die samelewing as geheel moet herstruktureer (1961:67).

Lynreg hierteenoor staan die stuksgewyse sosiogeniëring, wat die kritiese rasionalis voorstaan. Aangesien finale uitsluitsel oor uiteindelike oogmerke nie vir Popper moontlik is nie, moet geslote samelewings vir *oop samelewings* plek maak. In laasgenoemde sou owerheidsdoelwitte voortdurend aan kritiek onderwerp word. Finale konsensus oor doelwitte is nie wenslik nie, dit is 'n vorm van kollektiwisme en historisisme. Owerhede sal in die plek van sulke (utopiese) einddoelwitte, selektiewe programme moet implementeer ten einde beperkte oogmerke op 'n voorlopige grondslag te verwerklik. In die uitvoering van sodanige programme sou 'n owerheid in die politieke dinamika van oop samelewings noodwendig nie aan al die verwagtings van sy onderdane kon voldoen nie. Onder sulke omstandighede, waar groepe en 'n gedeelte van die burgery van enige gegewe beleidsrigting verskil, onstaan die fundamentele vraag oor hoe politieke instellings georganiseer kan word sodat hulle

vrylik vervang kan word wanneer 'n betekenisvolle gedeelte van die burgery dit verlang. Vir Popper lê die antwoord opgesluit in 'n institusionele demokrasie – een waarin mededingende partye en groepe deur middel van gereelde verkiesings en gewaarborgde burgerregte verseker dat nuwe meerderhede periodiek die rigting aandui waarin 'n samelewing beweeg. Hy bepleit 'n besondere rol vir die sosiale wetenskappe in dié verband: sosiale wetenskaplikes behoort oop samelewings aktief te ondersteun deur ideologiese denke te vervang met die gebruik van die Popperiaanse falsifikasionisme (1963,I:111).

Die totalitarisme is vir Popper die bewys van die mees dramatiese kombinasie van historisisme en utopisme: beide berus op onregverdigbare kennisaansprake en wan-opvattings. Teenoor die opvatting oor wetenskaplike feilbaarheid van die kritiese rasionalis is hierdie leerstellings dogmaties en onliberaal. Wat hulle meebring is, 'n *geslote samelewing* met rigiede en onbevraagtekenbare strukture, in teenstelling met 'n *oop samelewing* waarin rasionele bespreking oor idees en instellings plaasvind en waarin 'n ooreenstemmende bereidwilligheid bestaan om veranderings aan te bring. Hierdie kontras is as 't ware dié tussen kollektivisme en individualisme. Binne die hiërargiese en stamgeoriënteerde karakter van die geslote samelewing is daar vir die individu slegs 'n spesifiek toegekende rol en plek.

Vir Popper verteenwoordig die o*op samelewing* dus op sonderlinge wyse die vergestalting van die morele waardes van die Westerse beskawing: respek vir die individu, vryheid, rasionaliteit, gelykheid. Die aantrekkingskrag van historistiese en utopistiese filosofieë spruit uit die aansprake van die ideologieë dat hulle aan die mens kollektiewe sekerheid belowe, teenoor die onsekerheid van die individuele regte en pligte van die oop samelewing (Lessnoff 1980:117, Popper 1963 II:238-9).

Hiermee moet met Popper se voorstelling van die wetenskap en die verband tussen wetenskap, die oop samelewing en die verwerping van die geslote samelewing volstaan word.[4]

---

4 Ek aanvaar nie Popper se wetenskapsfilosofie onkrities nie. Ruimte vir kritiek ontbreek. Vir kritiek op Popper, kyk my gesamentlike artikel met Murray Faure, vermeld in voetnoot 1.

## 8. DIE TOEWYDING VAN DIE SA GRONDWET TOT 'N "OOP EN DEMOKRATIESE SAMELEWING"

Die Grondwet is die "hoogste reg" in die Republiek ten einde -

> *"(d)ie grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word" (Aanhef)*

Artikel 1 stel die waardes waarop die grondwet berus; veral 1(d) bepaal dat SA 'n demokratiese staat is, wat insluit algemene stemreg, gereelde verkiesings en 'n veelpartystelsel van demokratiese regering om "verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en *openheid* (eie klem) te verseker".

Artikel 36(1) in die Handves van Regte bepaal:

"Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore…."

Uitleg van die Handves van Regte:

Artikel 39(a) bepaal dat in die uitleg van die Handves van Regte, ***moet*** 'n hof, "die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, bevorder".

Artikel 59(2) bepaal dat die Nasionale Vergadering nie "die publiek, met insluiting van die media, van die sitting van 'n komitee mag uitsluit nie, tensy dit in 'n oop en demokratiese gemeenskap redelik en regverdigbaar is om dit te doen."

Artikel 72(2) het 'n soortgelyke bepaling betreffende die Nasionale Raad op Provinsies.

Artikel 118(2) het 'n soortgelyke bepaling met betrekking tot komitees van provinsiale wetgewers.

Artikel 160(7) bepaal dieselfde met betrekking tot munisipale rade wat hulle funksies op 'n "oop wyse" moet verrig.

Artikel 195(g) bepaal dat openbare administrasie "deursigtig", dit wil sê oop, moet wees deur die publiek van tydige, korrekte, en toeganklike inligting te voorsien.

Artikel 216 bepaal dat die nasionale tesourie maatreëls moet instel ten einde "deursigtigheid sowel as beheer oor uitgawe in elke regeringsfeer te verseker".

Hierdie aanhalings is die somtotaal van wat in die grondwet geskryf is met betrekking tot die "oop samelewing". Dit word aan die howe, en veral die grondwetlike hof, sowel as die regering van die dag oorgelaat om inhoud te gee aan die begrip "oop" en "demokratiese" samelewing. Die begrip "oop samelewing" is 'n gekontesteerde begrip omdat dit berus op wat in die informele logika 'n nominale definisie genoem word. Dit beteken letterlik dat woorde beteken wat die skrywer wil hê dat hulle moet beteken. In die onderhawige geval van Suid-Afrika, neem ek die betekenis wat Popper aan die woord heg as gesaghebbend, omdat Popper vir alle praktiese doeleindes erkenning geniet as een van die gesaghebbendste politieke filosowe van die "oop samelewing".

Die Grondwet verskaf die formele raamwerk vir 'n institusionele demokrasie. Artikel 1 stel dit dat Suid-Afrika 'n demokrasie is en berus op gelykheid en vryheid van mense, algemene volwasse stemreg, veelparty demokratiese regering, die oppergesag van die reg en die grondwet. Hoofstuk 2 verskaf 'n handves van menseregte as hoeksteen van die demokrasie, hoofstuk 3 maak voorsiening vir 'n verkose Nasionale Vergadering "om die mense" (*the people*) te verteenwoordig, hoofstuk 5 maak voorsiening vir 'n uitvoerende gesag wat in die parlement gesetel is en hoofstuk 8 maak voorsiening vir die howe, of regsprekende gesag. Artikel 165 bepaal spesifiek dat die howe "onafhanklik is en slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe is". Howe moet hulle oordeel onpartydig en sonder vrees toepas en geen staatsorgaan of persoon mag inbreuk maak op hulle funksionering nie. Beslissings van die howe bind alle persone en staatsorgane waarop die uitsprake van toepassing is. En so sou 'n mens kan voortgaan om aan te toon dat die Grondwet van 1996 in die formele sin van die woord Suid-Afrika se mense en regeerders verbind tot 'n oop en demokratiese samelewing. Die vraag is egter of in die dinamika van regering en regeerkunde, die regerende party die formele reëls van die grondwet nakom? Is die ANC-regering in die regeerkundige praktyk verbind tot 'n oop en demokratiese samelewing, of is vorm en inhoud hier in ernstige spanning met mekaar?

## 9. DIE OOP SAMELEWING NA TIEN JAAR: 'N WAARDESKATTING

Wat is die toestand, in Popperiaanse terme gestel, van die oop samelewing, tien jaar na demokratisering in Suid-Afrika? Vir doeleindes van hierdie artikel, staan ek by

enkele momente in die Suid-Afrikaanse samelewing stil. Die perspektiewe is "makro-perspektiewe". Daar moet ongetwyfeld 'n diepgaande empiriese ontleding van bv die uitsprake van die konstitusionele hof gemaak word om te bepaal in watter mate die uitsprake van die hof die bepalings van die grondwet ten aansien van 'n "oop en demokratiese samelewing" eerbiedig. Dit is nie die doelwit met hierdie artikel nie.

Enkele van die hedendaagse beleidsrigtings van die ANC-in-die-regering word ontleed om aan te toon in watter mate daar 'n oop of geslote samelewing in wording is of reeds bestaan. Die beleid van nasiebou, regstellende handeling, akademiese vryheid en die hegemonie van die ANC word as voorbeelde gebruik. Swart ekonomiese bemagtiging sowel as die sportbeleid sou ook gebruik kon word, maar die ruimte ontbreek. Die eerste wat aan die orde kom, is die beleid van die ANC ten aansien van die bou van 'n "Suid-Afrikaanse nasie".

**10. NASIEBOU**

Die ANC se amptelike beleid met betrekking tot 'n nasionale identiteit in Suid-Afrika is deurspek met verwysings na "nation building". Beskou die volgende gesaghebbende standpunt van die ANC:

> *" .. it is critical that the overarching identity of being South African is promoted among all those who are indeed South African, as part of a process of building an African nation on the southern tip of the continent. The affirmation of our Africanness as a nation has nothing to do with the domination of one culture or language by another - it is a recognition of a* ***geographic reality*** (eie klem) *and the awakening of a consciousness which colonialism suppressed" (ANC, Julie 1997).* [5]

Die sleutel tot die ANC se benadering lê myns insiens daarin dat "an African nation" in Suid-Afrika gebou moet word, nie alleen as geografiese realiteit nie, maar ook as die "ontwaking van 'n '*African*' bewustheid wat "onderdruk is". Die vraag is watter rol die ANC-beheerde staat in die "bou" van 'n Suid-Afrikaanse "nasie" moet speel. Vooraf, enkele opmerkings oor die term "nasie".

---

[5] Die jongste besprekingsdokument oor die "national question" ter voorbereiding van die National General Council, wyk nie wesenlik van die aangehaalde sienings van 1997 af nie.

## 11. DIE ONDERSKEID TUSSEN "NASIE" EN "VOLK"

'n ***Volk*** is 'n kulturele entiteit met 'n gemeenskaplike geskiedenis, herkoms, etniese identiteit, simbole, geloofstelsel[6] en gedeelde grondgebied. Daar mag 'n spesifieke staat wees waarin 'n volk hulle politieke lewe lei, bv. Japan, Swede, Denemarke, Suid-Korea. Maar sulke "volkstate" is in die minderheid. 'n ***Nasie*** daarenteen is 'n groep mense wat 'n gemeenskaplike grondgebied deel, dieselfde grondwet onderskryf en in dieselfde staat woon en werk. Daar is 'n gemeenskaplike toewyding aan die staat en die simbole daarvan - nasionale vlag, nasionale lied, politieke instellings, en weermag. Daar mag 'n gebruikstaal wees wat gedeel word, maar die nasie kan uit baie rasse, etniese, linguistiese en geloofsgroepe en/of entiteite bestaan. Voorbeelde is talryk: die VSA-nasie, die Britse nasie (nie die Engelse volk nie), die Brasiliese nasie, die Switserse nasie en les bes die Suid-Afrikaanse nasie. 'n Mens kan dit ook 'n *staatsnasie* noem.

Die probleem met "nasiebou", soos wat dit deur die ANC-regering gebruik word, is dat dit 'n modernistiese politieke konsep is wat stam uit die 19e eeuse idee van die monostaat wat alles standaardiseer: die staat, die gebruikstaal, die reg, die nasie, die wetenskap, die staatsdiens, die ekonomie. Nasiebou verteenwoordig 'n houding van 'n ***bevelstaat***: waarvan ons die eksesse in die totale state van Hitler, Pol-Pot, Stalin en Mussolini sien (cf. ook Degenaar 1992). Daarbenewens ontken Popper die gebruikswaarde van die begrip nasie, hy maak dit as "holisme" en "naïewe kollektivisme" af.

Nasiebou is eweneens deel van die na-Tweede Wêreldoorlogse siening van politieke modernisering, waarin die parogiale dele - stamme, provinsies, streke - van die ou koloniale staat opgeneem moet word in 'n nuwe post-koloniale onafhanklike staat. Dit het natuurlik meestal nie gewerk nie (cf. Horowitz, 1985). Van die modernistiese en utopiese eksperimente in nasiebou om nuwe "kommunistiese nasies" en insgelyks die "Sowjetmens/-burgers" te skep in byvoorbeeld die USSR, Tsjeggo-Slowakye, Roemenië en Joegoeslawië, het eweneens op skouspelagtige mislukkings uitgeloop.

Die idee dat 'n staatsnasie "gebou" kan word deur sosiogeniëring moet afgewys word. Om 'n nasie in Suid-Afrika te bou deur staatsintervensie, sal beteken dat 'n finale oplossing of toestand van 'n politieke ideaal, 'n bloudruk, gekonseptualiseer moet word: ***"*Die Nasie*"***. Die gevaar dat staatsmag gebruik sal word om mense te dwing om in 'n voorafbeplande wyse hulle nasionale identiteit te beleef en "uit te bou", is wesenlik. Die idee van 'n "nasieboupolisie" kom by 'n mens op. Dit is 'n

6 Die term *geloofstelsel* word pleks van godsdiens gebruik, aangesien sommige "godsdienste" soos die Boeddhisme nie 'n transendente verwysingsraamwerk het nie.

outoritêre en modernistiese konsep om te veronderstel dat die identiteit van die "nuwe Suid-Afrikaner" deur staatsintervensie ontwerp en gebou kan word. Die "nasie" sal noodwendig die ideologiese, kulturele, etniese en beskawingbagasie van die polities magtigste groep in Suid-Afrika verteenwoordig. Meer nog, dit sal die Afrika-komponent van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmekaar skeur.

Die ANC het sedert sy stigting in 1912 'n nie-rassige en nie-etniese benadering tot Afrika-nasionalisme gevolg. Dit was nie besig met gewone etnies-gebaseerde nasionalisme nie, maar met 'n stryd om die bevryding van 'n onderdrukte klas van mense wat op grond van velkleur (ras) uitgesluit is uit die "wit" samelewingsorde. Daar was nie 'n enkele kulturele, etniese of religieuse basis om die stryd mee te legitimeer nie. Daar was, en is, nie 'n alternatiewe "swart" *Suid-Afrikaanse volk*, in wie se naam die bevrydingstryd gevoer kon word nie. Die saambindende faktore was kleur (en ras?) en tweedens gedeelde ruimte (grondgebied). Die "nasionale self" is deur Suid-Afrikaanse grondgebied bepaal. Meer nog, nie alle "nie-blankes" was "Afrikane" nie. "Indiërs" en "kleurlinge" het deurgaans 'n sleutelrol in die bevrydingstryd gespeel. Daarbenewens het die aanvanklik "wit" Kommunistiese Party van Suid-Afrika 'n ideologiese apologetiek vir die bevrydingstryd verskaf. Van meet af aan was daar dus geen *Afrikavolk* in Suid-Afrika vir die ANC ter sprake nie, hoogstens 'n Suid-Afrikaanse staatsnasie-in-wording.

Die konsep van 'n Suid-Afrikaanse "nasie" in terme van 'n Afrika-nasionalistiese paradigma veronderstel die hegemonie van 'n dominante groep. Hierdie paradigma veronderstel 'n ideologie van primordialisme van een staat, een volk, een kultuur, een beskawing. Dit neig tot die afdwing van 'n homogene nasionale kultuur wat deur 'n staatsideologie gefabriseer word. So 'n nasiebouprojek kan maklik in die mite van 'n uitverkore groep verval, wat dit moeilik vind om minderhede te akkommodeer. Nasiebou deur die staat kan goedskiks die regte van die individu aan 'n kollektiwiteit ondergeskik stel. Die onderskeid tussen staat en burgerlike samelewing kan vervaag en die opperheerskappy van die staat bevorder word.

Gemelde besware demonstreer die gevare en konsekwensies van utopiese sosiogeniëring. "Nasiebou" deur staatsbeheerde utopiese sosiogeniëring om 'n enkele "nasie" in Suid-Afrika te bewerkstellig is, om bovermelde filosofiese en praktiese oorweegredes, af te keur. Die getuienis oor hierdie vorm van sosiogeniëring deur die ANC-owerheid is gemeng. Om dit te illustreer, iets oor die taalbeleid, die beleid van regstellende handeling en die beleid van akademiese vryheid van die regerende party. Hierdie regeringspraktyke is, na my oordeel, deel van die ANC-regering se breë beleid van "nasiebou" in Suid-Afrika.

## 12. TAALBELEID

Die grondwet stel dit duidelik dat daar 11 amptelike tale in Suid-Afrika is en dat die regering al 11 amptelike tale tot hulle reg moet laat kom (Artikel 6(1). Dit behoef geen empiriese navorsing om te kan konstateer dat die regering in die afgelope tien jaar van demokrasie, Engels as die staats- sowel as openbare taal van Suid-Afrika bevoordeel het nie. Ten spyte van die bepaling van die grondwet van gelykberegtiging van tale, is Engels duidelik die voorkeurtaal van die ANC-gedomineerde owerheid. Die eerste tale van alle nie-Engelssprekende Suid-Afrikaners word kennelik deur die owerheid (in al sy geledinge, wetgewend, uitvoerend en regsprekend, nasionaal, provinsiaal en plaaslik) as 'n "kombuistaal" beskou. Hiervolgens moet eerste tale in die privaatsfeer van Suid-Afrika tot hulle reg kom, dit wil sê in gesins-, kulturele, religieuse, geloofs- en ander parogiale verbande. Alle amptelike openbare instellings gebruik in die praktyk Engels as interne kommunikasietaal (cf. Giliomee, 2004:622,628). Waar van die ander tien tale gebruik gemaak word, is dit hoogstens 'n simboliese gebaar, soos op politieke vakansiedae en sekere sleuteltoesprake van ANC-leiers in die parlement.[7]

Die taalpraktyk van die ANC-regering beïnvloed ook die groter kommersiële eenhede soos banke en versekeringsinstellings en burgerlike samelewingsinstellings soos universiteite, wat tradisioneel 'n sterk Afrikaanse kliëntebasis gehad het en nog steeds het. Na my oordeel is dit net 'n kwessie van tyd voordat instellings soos ABSA en Sanlam intern in Engels sal kommunikeer. Selfs ABSA se kommunikasiemateriaal met Afrikaanse kliënte, soos hulle kredietkaartafdeling, is tans grotendeels in Engels. Die nuwe Universiteit van Johannesburg sal, ten spyte van die "ou RAU" se voorstel dat Afrikaans en Engels as administratiewe tale gebruik word, na my mening binne 'n jaar of wat Engels as interne administratiewe taal gebruik. Dit is illustratief van die gevolge van die ANC se linguistiese utopiese sosiogeniëring.

Die ANC se aandrang op nasiebou en afwys van "tribalism" (stambeheptheid) en sy sterk vertonings in vyf verkiesings maak dit onwaarskynlik dat hierdie anglisering-tendens op die kort termyn sal verdwyn. Anglisering is onversoenbaar met die grondwetlike toewyding aan 'n oop en demokratiese samelewing, wat juis gekenmerk word deur individuele menseregte, en gevolglik mense se reg op gelyke behandeling met betrekking tot die gebruik van hulle eerste taal (cf. artikel 6(3)(a)). Voorts mag die gevolge van anglisering op die lang termyn onaanvaarbaar vir Afrikaniste in die ANC wees. Hulle kinders sal mettertyd slegs 'n gebrekkige

7 Hierdie gebruik is treffend die afgelope vyf en meer jare gedemonstreer deur die Minister van Finansies, mnr Manuel, deur kort gedeeltes van sy begrotingstoespraak, wat altyd hoofsaaklik in Engels gelewer word, in meer as een Afrikataal af te lees.

kennis van die stam- of inheemse tale hê en gepaardgaande daarmee, waardering vir die tradisies en gebruike van hulle kultuurgenote. Juis die deur die ANC-afgewese Anglo-Amerikaanse kultuur in die aanhaling in die voetnoot[8], sal in die plek daarvan kom.[9] Dit sal 'n netjiese illustrasie wees van die Popperiaanse uitspraak van die onbedoelde gevolge van menslike handeling en van sosiogeniëring.

Die Anglisering van die Suid-Afrikaanse samelewing sal presies dit tot stand bring waarteen die ANC waarsku: 'n kloon van Anglo-Afrikane wat hulle in die VK en die VSA bevind. Die Anglo-Amerikaanse post-moderne populêre kultuur is besonder kragtig, veral as gevolg van die elektroniese media. My anekdotiese waarneming as dosent wat jaarliks met honderde jongmense te doen kry, is dat hierdie kloning reeds besig is om plaas te vind. Ali Mazrui, die bekende kontemporêre Afrika-filosoof, noem hierdie ontluikende Afrika-elite "Afro-Saksers" (cf. Giliomee: 2004:629).

Per slotreël kan dus gesê word dat die nasiebouprojek besig is om onbedoelde gevolge te hê vir die gestelde ideaal van 'n "Afrika-nasie" in Suid-Afrika. Die tyd sal nog leer of hierdie projek 'n volledige voorbeeld van utopiese sosiogeniëring is. Die grondslag van die ANC se nasiebouprojek in Popperiaanse terme is 'n vorm van kollektivisme wat individualisme negeer en is wesenlik teenstrydig met sy konsepsie van die oop samelewing.

## 13. DIE BELEID VAN REGSTELLENDE HANDELING

Artikel 9(1) van die grondwet bepaal dat elkeen gelyk is voor die reg. Artikel 9(2) kwalifiseer egter 9(1) deurdat dit bepaal dat: "(t)en einde bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word vir die beskerming en ontwikkeling van persone of kategorieë van persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is". Artikel 9(5) bepaal voorts dat "billike diskriminasie" moontlik is, ten spyte van die bepalings van artikels 9(3) en 9(4) wat die staat sowel as persone verbied om onbillik teen iemand te diskrimineer. Die grondslag van regstellende handeling is hier te vind: naamlik dat teen blanke persone gediskrimineer mag word ten gunste van "voorheen benadeelde persone of kategorieë van persone". Dit beteken in Suid-Afrikaanse rasseterme gewoon in die praktyk dat ten gunste van swart (generies gesien) en teen blankes gediskrimineer word. Die bepalings van die

8 "The question of the identity of the South African nation in the making (is) whether it should truly be an African nation on the African continent, or a clone, for example, of the US and UK in outlook; in the style of and content of its media, in its cultural expression, in the language and accents of its children…. Hence what is required is a continuing battle to assert African hegemony in the context of a multi-cultural and non-racial society" (ANC, Julie 1997).

9 Visagie 2004:88 wys daarop dat jong verstedelikte swart mense in Afrika reeds in 'n "ideologiese oorlogsone" leef waar hulle daagliks gekonfronteer word met en verskeur word tussen die kommunalistiese etos van Afrika en die individualistiese en materialistiese gees van die Weste.

grondwet het spesifiek tot gevolg dat tot voordeel van blanke vroue en "swartes" tot nadeel van blanke mans gediskrimineer word. Dit word gedoen deur die **Wet op Billike Indiensneming**, Wet 55 van 1998, waardeur die "onbillikhede van die verlede" reggestel moet word op arbeidsgebied: sogenaamde "aangewese groepe" moet bevoordeel word ten koste van "wit" mans en gedeeltelik ten koste van "wit" vroue. Voorts bepaal artikel 195(i) van die grondwet dat die Staatsdiens sowel as openbare ondernemings en staatsinstellings (soos die regbank en die hoofstuk 9 - instellings) breedweg verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling van die land moet wees en dat aanstellings so moet geskied dat die "wanbalanse van die verlede reggestel word".

Popper skryf in **Unended Quest**, dat dit hom 'n tyd geneem het om te besef dat individuele vryheid en die gelykheid wat deur die staat afgedwing word, in spanning verkeer. Hy skryf dat "freedom is more important than equality; that the attempt to realise equality endangers freedom; and that if freedom is lost, there will not even be equality amongst the unfree" (Popper 1976:36). Popper se teorie van die oop samelewing neem as een van die mees basiese vertrekpunte die vryheid van die individu. Indien hierdie vryheid wesenlik aangetas word deur utopiese sosiogeniëring, sal daardie samelewing waarin dit plaasvind, ongetwyfeld kenmerke van Popperiaanse geslotenheid vertoon. In die tien jaar van demokratisering in Suid-Afrika is die kompleks van regstellende handelingswetgewing, hofuitsprake en praktyk van die regering waarskynlik een van die mees sigbare handelinge waarin die Suid-Afrikaanse samelewing fundamenteel omvorm is. Is hierdie sosiogeniëring stuksgewyse of is dit utopies, wat sal lei tot 'n nuwe geslotenheid?

Die gegewens is gemengd. Uit 'n pragmatiese oogpunt was dit na 1994 duidelik dat regstellende handeling onvermydelik was om aan die "voorheen benadeeldes" sigbare en meetbare voordele te verleen. Indien nie, sou die hele "nuwe bedeling" verlies aan legitimiteit ervaar en sou die skikking van 1992/94 tussen die NP-regering en die vryheidsbewegings kon ontspoor. Regstellende handeling kon dus nie sonder die prysgawe van mag en bevoorregting van blanke (en ook Afrikaanse) middeljarige mans plaasvind nie. In sy geheel is die veranderinge stuksgewys deurgevoer. Spesifieke wetgewing is aanvaar, administratiewe handelinge het gepoog om dit te bevorder en regeringsfinansiering en steun is geweier aan instellings wat nie regstellende handeling toepas nie. In bepaalde gevalle is van wetlike sanksie of die dreigement om dit toe te pas, gebruik gemaak. Tien jaar later is die makro-regstellende handeling, ten minste wat die staat en staatsinstellings betref, ver gevorder en is hierdie instellings breedweg verteenwoordigend van die bevolking - wat betref ras en geslag. In sekere kategorieë van die sogenaamde bestuurskader en in afdelings van die staat waar hoogs tegniese vaardighede nodig is, is blankes en mans (swart en wit) nog oorverteenwoordig. Teen die einde van

2002 het 120 000 wit staatsamptenare reeds afgetree of uitdienstredingspakkette aanvaar. Giliomee wys daarop dat sedert 1994 die staatsdiens, polisie en weermag "verswart" is en dat die staatsinstellings wesenlik die "demografiese profiel" van die samelewing as geheel weerspieël - gemeet in terme van kleur (Giliomee 2004: 620) [10,11]

Die wesenlike gevaar bestaan dat wanneer die onbillikhede van die verlede reggestel is, diskriminasie op grond van geslag (gender) en ras nog mag voortduur en dat in terme van Popper se ontleding, vryheid benadeel sal word. 'n Nuwe Afrikanistiese utopia, 'n nuwe geslotenheid, mag ontstaan waarin blankes, en met name blanke mans, uitgesluit sal word uit die breë oop samelewing van Suid-Afrika. Kinders van byvoorbeeld die ekonomies bemagtigde swart elite sou in hierdie scenario oor nog tien jaar steeds in die arbeidsmark bevoordeel word bloot omdat hulle swart is. Pleks daarvan dat individue op meriete om poste meeding, sal toegang tot skaars universiteitskursusse soos medies, regte en tandheelkunde geweier word bloot omdat blankes nie demografies "verteenwoordigend van die samelewing" sou wees nie. Blankes en blanke mans sal 'n gevoel van vervreemding en 'n geslotenheid in so 'n samelewing ervaar. Sosiale mobiliteit as een van die praktiese kenmerke van die oop samelewing sal ernstig in gedrang wees. Daar is reeds anekdotiese sowel as empiriese getuienis dat "middeljarige" blanke mans sowel as blanke jong mense vervreemd is van die "nuwe Suid-Afrika". Die voortdurende "emigrasie hemoragie" van talentvolle en bekwame blanke Suid-Afrikaners na die Anglofone state is 'n teken van hierdie vervreemding en 'n eksistensiële gevoel onder hierdie persone dat die nuwe Suid-Afrika vir hulle geslote is. Hierdie mening word ondersteun deur Du Toit, wat in 'n landswye meningsopname bevind dat die meeste wit Suid-Afrikaners dink dat die gevolge van regstellende handeling die afgelope ses jaar "is to reduce able bodied white men to second-class citizens in their own country" (Du Toit 2004:2).

Die onbedoelde gevolge van die beleid van regstellende handeling is om die rassegrondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing voort te sit en te versterk. Dit bevorder nie die "grondliggende bepalings van die grondwet" in artikel 1, en 1(b) nie, naamlik dat Suid-Afrika 'n "demokratiese staat is gegrond op die waardes van 'nie-rassigheid en nie-seksisme'". Blanke mans en blanke vroue wie se waardigheid

---

10 Die jongste voorbeeld is die voorneme van die SA Nasionale Weermag om 77 wit kolonels uit diens te stel (**Beeld** 10 November 2004).

11 Die ANC is vasbeslote om die staat en artikel 9-instellings onder sy beheer te plaas. Netshitenze van die ANC skryf in 1996: "The National Democratic Revolution is a process of struggle that seeks to transfer power to the people." In die praktyk is die "people" ANC-kaders. Voorts skryf hy in **Umrabulo**: "Transformation of the state entails first and foremost extending the power of the National Liberation Movement (die ANC) over all levers of power: the army, the police, the bureaucracy, intelligence structures, the judiciary, parastatals and agencies such as regulatory bodies, the public broadcaster, the central bank and so on" (**Umrabulo** 1998).

in die arbeidsomgewing aangetas word op grond van ras en geslag beleef regstellende handeling ongetwyfeld as rassediskriminerend en seksisties (cf. Du Toit 2004:37,38). Ras as die grondliggende kriterium van individuele en groepsidentiteit is onversoenbaar met die Popperiaanse konsepsie van die vry en oop samelewing waarin die individu en individuele waardigheid sentraal staan. Regstellende handeling, soos tans toegepas op groepsgrondslag, verlam potensieel geykte samelewingswaardes soos harde werk, getrouheid, verwerwing van gevorderde opvoedkundige kwalifikasies en die strewe na selfverbetering. Dit bevoordeel 'n aanspraakskultuur *(entitlement culture)* onder die "aangewese groepe" en is op die lange duur onversoenbaar met die opvatting van 'n oop en demokratiese samelewing waarin individuele prestasie en verantwoordelikheid vir eie optrede en handeling, voorrang geniet. Meer nog, "amptelike rasseklassifikasie" in alle staats- sowel as privaatinstellings kom voor: persone moet voortdurend op amptelike vorms vir "statistiese" doeleindes aandui wat hulle "rassegroep" is. Dit is wesenlik teenstrydig met die Popperiaanse filosofie van die oop samelewing.

## 14. DIE HEGEMONIE VAN DIE REGERENDE PARTY

Die ANC het sedert 1994 vyf verkiesings, drie algemene verkiesings en twee plaaslike regeringsverkiesings, met groot meerderhede gewen - die laaste een met meer as twee derdes van die setels in die Nasionale Vergadering. In die tien jaar sedert dit vir die eerste keer aan die bewind gekom het, het die ANC die konstitusionele instellings op alle vlakke behoorlik aan sy hegemonie onderwerp. Wat daarmee bedoel word, is dat benewens die besetting van regeringsposte deur die ANC, alle ander formele instellings waaroor die ANC indirek beheer verkry het deur die stembus, ook aan ANC-hegemonie onderwerp word. Voorbeelde is: die Raad van die SAUK, die rade van instellings soos die WNNR, die SABS en die Nasionale Parkeraad. Al die sogenaamde hoofstuk nege-instellings wat in die Grondwet voorgeskryf word, soos die Kommissie op Geslagsgelykheid, die Menseregtekommissie, die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, die Verkiesingskommissie en so meer is onder ANC-hegemonie. Hierdie instellings is saamgestel volgens die welbekende formule van die ANC, naamlik dat dit demografies en geslagsgewys verteenwoordigend móét wees. Die instellings is oënskynlik inklusief deur lede uit opposisie-geledere, of beter gestel, nie-ANC ondersteuners, ook aan te wys. Maar die lidmaatskap van al hierdie instellings is versigtig uitgesoek om gemaklik uit 'n meerderheid ANC-ondersteuners of -simpatiseerders, te bestaan. Is dit die begin van 'n nuwe geslote samelewing waarin oorwegend ANC-party "apparatjieks" in die staatsinstellings toegelaat word?[12] Of is dit bloot 'n kenmerk van die transisie

12 Ek neem dit as gemene saak dat die ANC-in-die-regering "sy mense" op alle vlakke van die breë owerheidsektor ontplooi het. Enkele voorbeelde is: die President van die Reserwebank, mnr Mboweni, is 'n ANC-ontplooiing, die Voorsitter van die Onafhanklike Verkiesingskommissie, dr.

wat ons tans kenmerk? Sal die instellings mettertyd meer verteenwoordigend van die politieke spektrum van die SA samelewing wees? Hierop is geen eenvoudige antwoord moontlik nie. Die ANC geniet tans wye legitimiteit as politieke bevryder van die meerderheid in Suid-Afrika en sy steun by die stembus moet in daardie lig verstaan word.

Die vraag of hierdie hegemonie tot geslotenheid in die samelewing (sal) lei, kan waarskynlik eers deur die verloop van werklike historiese gebeure beantwoord word. Dit sal beantwoord word wanneer die ANC uiteindelik 'n verkiesing verloor teen 'n opposisie-groepering. Wanneer hierdie party aan bewind kom, sal die politieke buit wat gemaak word, oorspoel na vermelde staatsinstellings. Hoe die buit verdeel word, hoe die verteenwoordigendheid van die instellings verander word, sal bepaal in watter mate Suid-Afrika 'n volwasse oop samelewing na vorm sowel as inhoud ontwikkel het. Indien die ANC uiteindelik begin om sy hegemonie op ondemokratiese wyse af te dwing deur byvoorbeeld ongeoorloofde verkiesingsmanipulering, sal die werklike bewys al dan nie, van die party se toewyding aan die grondwet wat dit help skep het, gedemonstreer wees. Tans is die hegemonie van die ANC 'n empiriese feit, maar of dit ook dui op 'n nuwe geslote samelewing, geskoei op ewigdurende ANC-hegemonie, is nog nie klinkklaar nie. Daar is minstens 'n klankie van "metodologiese holisme" (Popper) te bespeur in die ANC se aanname en propaganda dat dit die enigste party is wat vertrou kan word met die bevryding van die mense ("the people").

## 15. AKADEMIESE VRYHEID

EFJ Malherbe het 'n omvattende studie van akademiese vryheid in Suid-Afrika gedoen. Akademiese vryheid is in die Grondwet gewaarborg (artikel 16(d)). Malherbe kom tot die gevolgtrekking dat die staat deur middel van die Departement van Nasionale Onderwys, op velerlei wyses inmeng met die akademiese vryheid van universiteite. Die privaatwette van die verskillende universiteite is in 1997 afgeskaf en alle universiteite onder beheer van die Minister van Nasionale Onderwys geplaas in die naam van die verantwoordbaarheid van universiteite. Die Minister skryf sake soos die taalbeleid voor, hoe universiteite moet amalgameer, watter studente hulle mag inskryf, watter "akademiese plekke" aan studente toegeken mag word, en so meer. Op die vlak van die individuele dosent is daar talle voorskrifte, soos hoe assessering (toetsing, evaluering) móét plaasvind en presies hoe kurrikula opgestel en bewoord móét word. Die sogenaamde "Saqua-speak", (Sako-spraak) van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) is die instrument waar-

Bam, is 'n ANC-ontplooiing, die meerderheid Direkteurs-Generaal van staatsdepartemente is ANC-ontplooiings, die voormalige hoofregter van Suid-Afrika, regter Mohammed, was 'n ANC-ontplooiing, en so kan 'n mens voortgaan.

deur hierdie sentrale beheer toegepas word. Daar is 'n kwaliteitsversekeringseenheid in die Departement van Nasionale Opvoeding, staatsamptenare dus, wat bepaal of die gehalte van universiteitsonderrig en navorsing "aan staatsneergelegde kriteria" voldoen (cf.Malherbe 2001). Is dit 'n teken van 'n bloudruk van opvoedkundige sosiogeniëring? Dit is minstens kentekenend van 'n intervensionistiese sentrale staat wat gelykheid wil afdwing en eenvormige bloudrukke wil bewerkstellig in hoër onderwys. Bes moontlik verteenwoordig die onderwysbeleid nog nie 'n volledige geslote samelewingsveronderstelling nie, maar daar is myns insiens sterk bewyse van 'n "sentralistiese beheerwoede". Popper waarsku dat die afdwing van gelykheid deur die staat individuele vryheid en die oop samelewing bedreig.

## 16. SAMEVATTING

In sy geheel gesien is die SA samelewing formeel 'n oop en demokratiese samelewing en is dit nie, in Popper se terme, 'n geslote samelewing waarin daar 'n algehele finale bloudruk en eindideaal gestel word wat nie prakties haalbaar is nie. In hierdie artikel argumenteer ek egter dat daar 'n aantal gevaartekens is wat aandui dat in die praktiese toepassing van die dag-tot-dag regeringsbeleid, daar sterk tekens van sosiogeniëring is, wat tot 'n nuwe geslote samelewing kan lei. Eerstens is gewys op die nasiebouprojek van die ANC-regering, wat implisiet 'n vorm van utopiese sosiogeniëring bevat: omdat 'n *"finale bloudruk van 'n 'African nation on the African continent'"* veronderstel word. Die tweede gevaarteken van utopiese sosiogeniëring is die taalbeleid van die ANC-regering. In die praktyk kom dit neer op 'n miskenning van die veeltaligheid van die Suid-Afrikaanse bevolking en die eensydige afdwing van Engels as die staatstaal. Die derde gevaarteken is die beleid van regstellende handeling. Dit dreig om die rasseverdeeldheid en groepsverdeling, tipies van 'n geslote apartheidstelsel, lewendig te hou deur die gelyke-indiensnemingswetgewing en -praktyk. Bevoordeling van voorheen benadeeldes word op 'n groep- en rassegrondslag toegepas, pleks, van soos Popper sou voorstel, individuele meriete en nood te gebruik om 'n "benadeelde persoon" te help. Vierdens is op die hegemonie van die regerende party gewys, wat die gevaar inhou dat die party as die enigste ware redder van die nasie gekonseptualiseer word - 'n utopiese ideaal en bloudruk. Laastens word geargumenteer dat die tersiêre onderwysbeleid van die ANC-regering 'n sterk komponent van staatssentralisme inhou, waarin akademiese vryheid ondergeskik gestel word aan staatsintervensie. Die algehele probleem met die 1996-Grondwet vanuit 'n Popperiaanse perspektief, is die oorbeklemtoning van gedwonge gelykmaking ten koste van individuele vryheid. Die Grondwet het nie alleen 'n formele toewyding aan gelykheid nie, maar gee ook 'n inhoudelike toewyding daaraan deur artikel 9(2). Popper argumenteer in **Unended Quest** baie sterk dat "freedom is more important than equality; …. the attempt to realise equality endangers freedom; and that if freedom is lost, there will

not even be equality amongst the unfree" (Popper 1976:36). Dit is dus 'n ernstige bekommernis dat 'n paar van die sleutelprojekte van die ANC-regering sterk tekens van utopiese sosiogeniëring toon waarteen toegewyde demokrate en verdedigers van die oop samelewing voortdurend moet waak.

## BIBLIOGRAFIE/WERKE GERAADPLEEG

ANC 1997. **Character of the National Democratic Revolution**. July.

ANC 1997. **Building on the foundation for a better life: draft strategy and tactics of the African National Congress**. July.

Brown D 1989. "Ethnic revival: perspectives on state and society". **Third World Quarterly**, October.

Degenaar JJ 1992. Nations and nationalism: **The myth of a South African nation**. Cape Town: Idasa.

Die Grondwet van Suid-Afrika, Wet no. 108 van 1996.

Du Toit C 1997. The quest for African identity and the concept of nation-building as motives in the reconstruction of South African society. **Dialogue and Alliance** 11(1), Spring/Summer.

Faure AM 1981. Karl Popper, open societies en Suid-Afrika. **Politikon** 8(1), pp. 81-102.

Germino D 1974. Preliminary reflections on the open society: Bergson, Popper, Voegelin. In: Germino D en Von Beyme K. **The open society in theory and practice**. Den Haag: Nijhoff.

Giliomee H 1991. Building a new nation: alternative approaches. In: Cloete F 1991. **Policy options for a new South Africa**. Pretoria: HSRC Press.

Giliomee H 2004. **Die Afrikaners**. Kaapstad: Tafelberg.

Hindess B 1977. **Philosophy and methodology in the social sciences**. Hassocks: Harvester.

Horowitz D 1985. **Ethnic groups in conflict**. Berkeley: University of California Press.

Lessnof M 1980. The political philosophy of Karl Popper. **British Journal of Political Science** 10, pp. 99-120.

Louw A du P 1979. Swart politiek in Suid-Afrika. **Politikon** 6(1), Junie.

Malherbe EFJ 2002. Transformasie en herstrukturering: herdefiniëring of erodering van die identiteit van hoër onderwysinstellings? **Aambeeld**. Johannesburg: RAU.

Mazrui AA 1986. **The Africans: a triple heritage**. Londen: BBC publikasies.

O' Hear A 1980. **Karl Popper**. Londen: Routledge.

Popper KR 1959. **The logic of scientific discovery**. Londen: Hutchinson.

Popper KR 1976. **Unended quest**. Londen: Fontana.

Popper KR 1961. **The poverty of historicism**. Londen: Routledge.

Popper KR 1963. **The open society and its enemies**. 1 en 2. New York: Harper.

Popper KR 1974. **Conjectures and refutations: the growth of scientific knowledge**. Londen: Routledge.

Quinton A 1976. Karl Popper: politics without essences. In: De Crespigny A en Minogue K (reds.) **Contemporary political philosophers**. Londen: Methuen.

Ricci D 1977. Reading Thomas Kuhn in the post-behavioral era. **Western Political Science Quarterly**. XXX(1), pp. 7-34.

Tamarkin M 1992. **Nationalism, nation building and society in Africa: fateful connections**. Cape Town: Centre for African Studies.

Turaki Y 1991. Culture and modernisation in Africa: a methodological approach. In: **Culture and diversity in Africa: Embarrassment or opportunity?**, PU vir CHO - Publikasie, Instituut vir Reformatiese Studies 40.

Visagie PJ 2004. Ideology and culture: reflections on post-humanism, multiculturalism and Africa. **Acta Academica** 36(2), pp. 57-96.